Wes-Kaap Onderwysdepartement
Western Cape Education Department
iSebe leMfundo leNtshona Koloni

Navrae / Enquiries / iMibuzo: Dr. I.J. Pretorius
Verwysing / Reference / Ubhekiso: 13/12/8/B
Telefoon / Telephone / iMfonomfono: 403-6437

Kantoor van die / Office of the / i-Offisi ye: Onderwyshoof
Privaatsak / Private Bag: 9114
Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko: Kaapstad
Poskode/Postal Code / iKhodi lePosi: 8000
Faks / Fax: 419-5967
Datum/Date / Umhla: 15 Oktober 1998

AAN:

HOOFDE VAN OPENBARE SKOLE

**OMSENDBRIEF 0124/98**

**HEPATITIS B-IMMUNISERINGSPROGRAMME IN WKOD-SKOLE DEUR HEALTH SOLUTIONS BK**

1. Op 6 Maart 1998 is u d.m.v. Omsendbrief 0032/98 in kennis gestel dat immuniseringsprogramme deur privaat organisasies in skole van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) vanaf 31 Maart 1998 opgeskort is weens die Provinsiale Departement van Gesondheid se gebrek aan kapasiteit om die uitvoering van sodanige programme te kan monitor.

2. Toestemming is aan Health Solutions BK verleen om **Hepatitis B-immuniserings** in WKOD-skole te mag uitvoer op voorwaarde dat dit deur 'n span toepaslik geregistreerde dokters gedoen word.

3. U aandag word ook op die volgende belangrike inligting gevestig:

   3.1 Health Solutions BK se dienste in skole sal sonder akkreditering by die Provinsiale Departement van Gesondheid en gevolglik sonder monitering deur die Provinsiale Departement van Gesondheid geskied.

   3.2 Toestemming aan Health Solutions BK om 'n Hepatitis B- immuniseringsprogram op die skoolperseel te kan uitvoer, mag alleenlik deur die betrokke skool se beheerliggaam geskied.

   3.3 Skole staan onder geen verpligting om van Health Solutions BK se dienste gebruik te maak nie.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van u beheerliggaam.

U samewerking sal waardeer word.

h .B.P. O'CONNELL
HOOF: ONDERWYS